Tema: Maak jy ŉ verskil in die slegte en donker Suid-Afrika?

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 487: 1, 3, 4
Sb 3-1: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 43-1: 3, 4
Votum
Seën
Loflied Ps 84-1: 1, 6
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: 1 Joh 1: 5 - 2: 11
Sing Ps 31-1: 13, 15, 17
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Matteus 5: 1 - 16
Teks: Matteus 5: 13 – 16
Sing Lied 258: 1, 3
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing Ps 36-2: 3
Liefdegawes
Gebed vir Bediening na Buite: Bybelverspreiding
Sing Lied 488: 1, 2, 3
Seën
Amenlied Sb13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Maak ek en jy ŉ verskil in ons leefwêreld? Maak ons as die kerk van die Here ŉ verskil in Suid-Afrika? Verander ons teenwoordigheid hier iets van die omstandighede waarin ons leef?

Ons het die afgelope eerste fokusweek gefokus op die aard van ware kerkwees. Ons het gesien dat om kerk te wees beteken ons staan eerstens in ŉ liefdesverhouding met God en dat ons alleen uit die versoening van Christus moet leef. Ons het ook gehoor dat ons deur die Heilige Gees vrugte vir God moet dra en dat ons anders as die wêreld moet wees.

In die lig hiervan moet ons vanmore die vraag vra: Is ons dan waarlik kerk soos wat God ons kerk gemaak het? Sien ŉ mens iets van hierdie kenmerke van die kerk in onsself en ook in ons gemeente?

Die antwoord op hierdie vrae moet ons nie binne die kerk soek nie, maar in die wêreld daarbuite. Maak ons as gelowiges daar ŉ verskil? Wat is die effek van ons kerkwees op die omgewing waarin ons woon? Bring ons teenwoordigheid hier ŉ verandering in die mense en die omgewing met wie ons in kontak kom?

Die is opvallend dat Jesus in hierdie belangrike hoofstuk waarin Hy beskryf hoe gelowiges is en moet lewe, naamlik: afhanklik van God, treurende oor die sonde, honger en dors na geregtigheid, sagmoedig, barmhartig, rein van hart, vredemakers en mense wat bereid is om vir Jesus te ly, dat Hy dan dadelik in ons teksverse oorgaan om die effektiwiteit en die funksie van hierdie mense in die wêreld te beklemtoon.

Jesus openbaar hier hoe ware gelowiges is, hoe hulle lewe en hoe Hy hulle in hierdie wêreld gebruik.

En daarom br. en sr kom staan die Here vanmore ook voor my en jou en vra:
Maak jy ŉ verskil in hierdie slegte en donker Suid-Afrika? Is ons effektiewe gelowiges in die wêreld waar God my en jou gesit het? Vervul ons die funksie waarvoor God ons wil gebruik?

Geliefdes, ons teksverse leer ons vanmore:
1. Iets oor die wêreld: dit is sleg en donker.
2. Iets oor onsself: ons is sout en lig
3. en Iets oor God se plan met ons: ons moet ŉ duidelike en effektiewe verskil maak in ons wêreld anders is ons nutteloos - nie meer waarlik kerk nie!

1. Wat leer die Here ons oor ons wêreld?

Wanneer Jesus sê dat ons, sy kerk, die sout en lig vir die wêreld is , dan sê Jesus daarmee saam twee belangrike dinge oor hierdie wêreld. Een: die wêreld is besig om sleg te word en daarom is daar sout nodig om die bederf te keer en tweedens: die wêreld is ŉ donker plek want daar is lig nodig!

Hoekom is dit belangrik dat Jesus ons aandag op die slegte en donker wêreld te vestig? Want daar is gelowiges wat dit ignoreer. Nie dat ons nie daarvan kennis neem nie! Ons almal praat gedurig oor hoe vrot en donker die wêreld is. Ons praat oor ons slegte regering wat net geld steel en korrupsie pleeg. Ons kla oor swak diens deur ons plaaslike regering en hoe onbevoeg mense is! Ons sien elke dag die haat en woede van mense wat afbreek, brand en doodmaak! Ons hoor hoe mense mekaar slegsê en ons beleef in ons eie harte die sonde van rassisme! Ons sien die morele verval van sedeloosheid en mense wat geen waardes het nie en wat net doen wat hulle wil!

Ja, ons wêreld en die mense is inderdaad vrot en donker! En Jesus beklemtoon dit sodat ons kan weet wat die effek hiervan op ons gaan wees! Vleis wat vrot word gaan net vrotter word en ŉ plek wat donker is, waar geen lig gebring word nie, gaan nog net donkerder word! Want dit is die aard van sonde! Dit is die aard van sonde wat ons mense in die wêreld gebring het en dit is die aard van die bose magte wat aan die werk is! Satan en sy bose magte gebruik die sonde en verval om ons wêreld net slegter en donker te maak.

En, brs en srs, ons moenie in die illusie lewe dat dit vanself beter gaan word of dat ander mense dit beter gaan maak nie. Want die duiwel beveg die lig en hy beveg dit wat goed is deur mense in sy mag net boser en donker te maak. Ons moet besef dat ons stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose magte van die vrot en donker wêreld wat God se koninkryk wil verwoes.

Ek wil die gedagte duidelik maak met die metafoor van ŉ skietbaan waar ek as jong seun baie saam met my pa gaan skiet het. Wys foto. In die pit van die skietbaan sit mense wat die teikens op en af trek. Teikens word opgestoot en dan skiet mense daarna en dan word dit afgetrek en toegeplak. Die mense in die skietpit is veilig. Niemand kan hulle raakskiet nie. Die duiwel werk op dieselfde manier. Dit is die bose magte wat in die skietpit sit en teikens opstel waarna almal skiet. Teikens soos armoede, misdaad, werkloosheid, rassisme, korrupsie en wat nog meer! Maar agter die teikens sit bose magte en dit is teen die boosheid wat ons moet optree. Dit is die oorsaak van die verrotting en die donker wat op ons toesak.

Dit, geliefdes, is die wêreld waar God ons gesit het. En dis hier waar ek en jy ŉ verskil moet maak!

En ons kan! Want Jesus sê in die tweede plek iets oor ons!

Hy sê ons is die sout en die lig wat Hy wil gebruik om te keer dat die wêreld slegter word en om lig in die donker te bring! God het ons deur Christus in staat gestel om hierdie verrotting en donker tee te werk. Ons is sout en ons is lig – ons moet dit nie nog word nie! Jesus het ons sout en lig kom maak! Hoe? Deur eers die sonde in ons af te breek! Hy het ons kom verander deur vir ons sonde te kom betaal en ons die vermoë gegee om reg en heilig te lewe! Christus het die verrotting uit ons eie hart gehaal en daar lig gebring sodat ons lewe totaal anders is as die lewe van bose mense! Dit is mos die evangelieboodskap vir elkeen van ons wat glo!

Christus is die lig vir die wêreld en Hy het deur die geloof wat Hy deur die Heilige Gees in ons gegee het, daardie lig in ons aangesteek! Nou kan ons ook sy lig laat skyn. Ons is nie die self die lig nie – ons laat skyn Jesus se lig! Die lig van sy evangelie van redding uit die mag van bose en van ʼn nuwe lewe. Die sout is die evangelie van verlossing en vernuwing wat ons met woord en daad moet verkondig.

Vir ons kinders: die lig wat Jesus wat Jesus van praat was ʼn klein ou lampie wat mense in hulle huis opgesteek het. Wys foto: maar daardie klein lampie het al die verskil in die wêreld gemaak. So gebruik Jesus elkeen om sy lig in die wêreld te laat skyn. Julle ken ook sout wat ʼn mens op vleis sit om te keer dat dit sleg word sodat ons in die winter lekker biltong kan eet! Liewe kinders: julle is die sout wat moet keer dat die wêreld sleg word en jy is ook ʼn lig wat Jesus moet skyn. Wys skyfie – Skryf jou naam op daardie gloeilamp en soutpot – dit is wat Jesus jou gemaak het!

Ja, geliefdes, dit is die nuwe lewe wat Jesus in verse 1 – 12 beskryf het! Nou is ons mense wat weet hoe afhanklik ons van God is, ons treur oor die sonde, ons honger na wat goed en reg is, ons het geleer wat barmhartigheid is en daarom is ons nou barmhartig teenoor ander mense! Ons beleef die vrede van God en daarom is ons vredemakers! Ons glo in die opstanding en die nuwe lewe in Christus en daarom is ons bereid om daarvoor te ly en te sterf!

Brs en srs, besef u die kragtige werk wat God in ons gedoen het! Dat Hy die verrotting van sonde uit ons lewe weggeneem het en dat Hy die donker wat in ons was verdryf het met die lig van die verlossing en genade in Christus! Wanneer ons in Christus glo en ons lewe op sy genade bou, dan is ons kerk van die Here en dan is ons kragtige sout en kragtige lig!

Brs en srs, ek en jy het nou nie meer ʼn keuse nie! As jy jouself ʼn Christin noem, as jy en ek vanmore bely dat ons in Christus as ons Verlosser en Koning glo, wanneer ons vanmore onsself kerk van die Here noem, dan is ons kragtige sout en lig!

Maar dan sout en lig wat effektief deur God gebruik wil word. Dit is die derde saak wat Jesus baie sterk in ons teksverse beklemtoon! Klaarblyklik was daar in Jesus se tyd ʼn tipe sout wat sy effektiwiteit verloor het en dan is dit weggegooi of vir ander doelwitte gebruik. Die punt wat Jesus wil maak is: God wil my en jou en sy kerk

effektief gebruik en as ons nie doen wat God ons bestem het om te doen om die bose magte tee te werk met die verkondiging en die lewe van die evangelie nie, dan beteken ons niks meer nie. Dan is ons nie effektiewe kerk nie en kan God ons nie gebruik nie!

Jesus beklemtoon dit ook met die metafoor van die lamp. Hy sê om effektiewe lig te hê moet ŉ mens die lamp op ŉ staander sit sodat sy lig kan versprei. ŉ Mens gaan sit nie ŉ emmer oor die lampie nie! Kinders wat gaan dan gebeur? Dit gaan donker word!

Geliefdes, hoe sit ons ŉ emmer oor die lig? Ons dink ander mense moet maar die probleme oplos! Ons verwag dat die regering die land ŉ beter plek moet maak. Of dat ryk sakemanne en geldmagte die probleme van die land moet oplos. Of ons verwag van die skool en die "kerk" om iets te doen! Natuurlik het hulle ŉ rol te speel, maar ek kan nie my roeping as sout en lig aan ander mense oorlaat nie. Ons sit ŉ emmer op as ons iets van ander verwag en nie self optree nie.

Ons sit ook ŉ emmer op ons lig deur ons te onttrek van die samelewing. Laat dit nou maar gaan soos dit gaan, laat hulle maar opmors en verwoes! Solank my lewe, my skool, my kerk en my werk okay is, het ek nie ŉ saak met die ander nie! En ons besef nie dat verrotting en die donker nie net "daar" gaan bly nie, dit gaan my en my lewe en my gesin een of ander tyd hard tref! Daarvan was Coligny en Lichtenburg onlangs weer sterk bewyse! Wie sê wat daar gebeur het, kan nie hierdie week in Potchefstroom gebeur en jou huis, skool of universiteit of besigheid verwoes nie?

Geliefdes, die Here wil ons gebruik! Dit is sy plan met ons! Ons is die effektiewe plan : ek en jy! Ons is die lig en sout wat God in die vrot en donker wêreld sit! En God se plan werk! Kyk mooi hoe werk dit!
Jy het maar ŉ klein bietjie sout nodig om te keer dat baie vleis nie verrot nie en om aan baie vleis ŉ heerlike smaak te gee. Dit is die manier waarop God werk. Een gelowige wat sy of haar roeping vervul – maak ŉ reuse verskil! En dit gebeur sommer so in die stilte – want dit is mos hoe sout werk! So ongesiens!

Daar waar ouers sit en met groot toewyding en sorg hulle kinders van kleins af leer van die Here en leer wat is reg en verkeerd! Dis hoe God werk! Daar waar gelowiges net met die mense rondom hulle liefdevolle en respekvolle menseverhoudinge kweek. Sommer daar met huishulp of tuinhulp praat oor hulle geloof en praat oor waardes en wat oor reg en verkeerd is.

Om daar die evangelie van die lig en sout te wees deur vir mense ŉ Bybel te gee en die boodskap van verlossing net daar deur bring! Ons het bv. Tswana Bybels teen ŉ baie goedkoopprys verkry. Koop van daardie Bybels en begin die sout en lig versprei rondom jou met die mense naaste aan jou!

God werk so in die stilte! Daar waar gelowiges kinders op skool die voorbeeld stel van gehoorsaamheid, en dissipline en orde en nie ander boelie en seermaak nie! Daar waar mense in hulle werkkring God se liefde leef en uitdeel en toelaat dat rassisme en mensehaat hulle hart vul nie! Waar mense verrotting keer deur nie saam te praat, saam te skinder en saam sleg te sê nie. Dis hoe God werk!
Dit is hoe sout werk. Klein bietjies, kragtig en effektief! Glo jy dit? Wel...dis God se plan en God maak nie dom planne nie! Hoekom dink ek en jy dat sulke dinge nie ŉ verskil sal maak nie! Ons moet dit eenvoudig net begin doen! Sout en lig wees! Andere is ons nutteloos vir die Here en is ons nie effektiewe kerk in hierdie wêreld nie! Gaan ons geen verskil maak nie en dan moet ons nie ander of selfs die Here blameer dat dit so sleg gaan nie.

Want die metafoor van die lig sê ook dat kollektiewe kragte van gelowiges, van kerke wat saamwerk en hande vat, van mense wat bid en werk, ook kragtige uitwerkinge in ŉ donker wêreld sal hê! Soos helder ligte wat die donkerste nag verlig en nie uitgedoof word nie!

Geliefde brs en srs, Ek en jy is die kragtigste wapens in God se hand – Ons is die sout en die lig vir die wêreld! (wys laaste skyfie) God het ons so gemaak en God wil ons so gebruik! Daarom dat ons Here Jesus ook baie keer hierdie metafoor aan die einde van sy bediening op aarde gebruik het om ons aan te moedig! Onthou julle die verhaal van die 10 meisies met die 10 lampe en dat 5 van hulle nie genoeg olie saamgeneem het nie en toe nie lig kon maak nie?

Onthou die woord van die Here Jesus in Lukas 12 waar Hy praat oor die werker wat gereed is vir die koms van die Here en Jesus sê: “Wees gereed, die heupe omgord en die lampe aan die brand!” Maak en jy, maak ons as gemeente, so ŉ verskil in Suid-Afrika?

Amen

Sing die gebed van Ps. 36 – 2: 3